

17 Februarie

Genesis 3:8-19

Twee verlossingsplanne (2)

Die mens kry 'n tweede besoek in die paradys — die Here Self. Tussen die eerste besoek en hierdie belangrike besoek het die mens in sonde geval. Nou is verlossing dringend nodig, al besef so baie dit vandag steeds nie. Dit is genade dat die Here die mens opsoek terwyl Hy in die aandwindjie wandel. Die Here roep na die mens: "Waar is jy", want Satan se verlossingsplan het afstand gebring tussen God en mens. **Dan wys die Here hoe werk sy plan van verlossing:** Hy kom nie tot die mens in die vorm van 'n dier wat mense betower omdat hy buitengewone dinge kan doen nie, Hy kom Self. Hy kom omdat Hy die mens steeds liefhet. Hy oorreed mense nie deur te sê julle sal soos God wees nie; Hy oorreed mense deur sy Woord en sy Heilige Gees. Ons sal nie soos God word nie, maar Christus sal soos ons word. Hy sal 'n mens word en aarde toe kom. Hy sal Hom onder ons stel en ons kom dien. Ons hoef nie iets buitengewoons te word of soos God te wees om verlos te word nie. So moet ons ons ook onder elke ander mens stel en sy of haar dienskneg word. Ook sê die Here nie dat ons oë sal oopgaan nie. Nee, ons sal op hierdie aarde steeds deur 'n spieël in 'n raaisel kyk (ons sal soos in 'n dowwe spieël kyk en oor baie dinge wonder), maar eendag sal ons van aangesig tot aangesig sien. Maar tog sal ons geloofsoog op hierdie aarde oopgaan en ons sal anderkant alle horisonne en beproewinge die nuwe Jerusalem sien. Ons hoef ook nie kennis van goed en kwaad te hê nie, want God weet ons verstand is klein. Hy sal ons dit leer, soos klein kindertjies vir wie Hy lief is.

Watter verlossingsplan is uiteindelik vir jou die beste — om hulpeloos aan God vas te kleef wat alle mag het, of om vrugteloos te probeer om self 'n god te wees?

Ds. H.J. Briel (Elandskraal)